

Sing vooraf staande: Skrifberyming: 14-1:3 (nuut)

- 3 Beoefen die godvrugtigheid / en wees jou medemens altyd tot voorbeeld in jou lewenswandel. / Jy moet uit liefde teenoor God, in opdrag van die groot gebod, / uit liefde tot die naaste handel.
O God, staan met u Gees ons by / sodat u liefde in ons bly.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 36:2 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe, maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.

Gebed

- Doksologie:
- Aanbidding:
- Skuldbelydenis:

Vergifnis:

- Dank:
- Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God
- Algemene bede:
- Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:

Amen.

Skrifberyming 1-1:5 (24:5)

- 5 Nou bring die tyd in volheidskringe / die vrug van Gods geheimenis – tot Christus Hoof van alle dinge / op aarde en in die hemel is.
In hom is dit dat ons verkry het / die erfdeel ons verordineer, wat God se wil ons voorberei het, / die wil wat alles hier regeer.

Skriflesing: Markus 11

Teks: Markus 11:7b

. . . My huis moet 'n huis van gebed genoem word vir al die nasies . . . (Markus 11:7b AFR1953)

Die Here haat 'n uiterlike geloofsvertoon wat, as dit getoets word, nie innerlik dieselfde vertoon lewer nie. Hy vervloek so 'n geloof en maak die persoon wat dit het, tot niet.

1. Die voorspel tot die tempelreiniging

2. Die tempelreiniging

3. Die betekenis van die voorspel

1. Die voorspel tot die tempelreiniging

Hierdie gedeelte laat baie mense verleë voel, want die Here Jesus is hier baie aggressief.

- Hy het nooit so opgetree dat Hy sommer net 'n boom vervloek omdat daar nie vrugte aan hom is nie.
- En dit nog terwyl die Bybel uitdruklik sê dat dit nie vyetyd was nie!

Die Here Jesus het trouens nooit sy mag aangewend ter wille van Homself nie.

- Toe die duiwel Hom in die woestyn versoek het om die klippe in brode te verander, het Hy geweier.
- Toe Hy die aand in Getsemane gevange geneem is, kon die Here Jesus net een bevel gegee het en daar sou hordes engele gewees het wat die mense wat saam met Judas gekom het, sou verslaan.
 - Maar die Here het dit nie gedoen nie.

Waarom vervloek Hy hierdie keer 'n vyeboom – en nogal onskuldig ook, soos wat dit lyk? Kom ons kyk waarvoor gaan dit in die gedeelte.

Dadelik val dit ons op dat hier twee parallelle sake is, naamlik

- die vyeboom en
- die tempel in Jerusalem.

Dit wat die Here met elkeen van die twee doen, stem nogal ooreen. Daarom is dit vanselfsprekend dat daar 'n ooreenkoms tussen die twee sal moet wees.

- Eerste moet ons oplet wat by die vyeboom gebeur.
 - Die Here is honger – toe sien Hy die boom wat daar vol blare staan.
 - Hy soek die boom deur en kry niks vrugte daaraan nie – toe vervloek Hy die boom.

Dit gebeur die Maandag voor die kruisiging.

Die volgende môre, Dinsdagoggend, toe hulle weer daar verbyloop, toe sien die dissipels dat die boom van sy wortels af tot in sy takke toe uitgedroog het.

Dit lyk so verkeerd. Nog nooit het die Here Jesus iemand of iets vervloek nie en nou vervloek Hy sommer die boom. Het Hy so kwaad geword of wat was die fout?

2. Die tempelreiniging

Om dit alles te kan verstaan, moet ons kyk wat gebeur het nadat die Here van die vyeboom af weg is.

- Hy is daarvandaan na die tempel in Jerusalem toe.
- Die tempel in Jerusalem was die Jode se trots, want dit was die simbool van hulle godsdienst.
- Daar het die Skrifgeleerdes hulle besig gehou met 'n studie van die wet.
 - Die Fariseërs en die Skrifgeleerdes se godsdienstvertoon was so geweldig dat hulle toe sommer uit hulle eie 'n hele paar duisend wette by die Tien Gebooie bygevoeg het.
 - Die Fariseërs en die owerpriesters het daar in die tempel in die openbaar geweldige lang gebede gedoen.
 - Hulle het hulle gesigte bleek gegrimeer dat die mense moes dink dat hulle swaar gevas het.
 - As besnedenes het hulle neergesien op die mense wat nie die teken van die verbond gedra het nie.

Al hierdie dinge was hulle uiterlike roem dat hulle die volk van God was.

Die groot ellende van alles was dat al hierdie uiterlike vertoon baie indrukwekkend was – maar heeltmaal leeg.

- Dis waarom Jesus sê dat hulle witgepleisterde grafte is – buitekant indrukwekkend en binnekant vol geraamtes.
- Hulle was 'n spul huigelaars en moordenaars, want die priesters wat die Here se Seun moes herken toe Hy na hulle toe gekom het, het Hom nie herken nie en hulle het later gestaan en skreeu dat Hy gekruisig moes word.

Dit is waarom Markus so volledig beskryf dat Jesus nie 'n gebedshuis gekry het toe Hy in die tempel ingestap het nie.

- Hy het in 'n besigheid ingestap waar die ampsdraers nie meer die Here gedien het nie maar gesorg het dat hulle eie sakke vol geld raak.
- Dis waarom die Here die tafels van die geldwisselaars en die duiweverkopers omgegooi het en die handelaars uitgejaag het.

Die Here stap in die plek in waar Hy veronderstel is om sy volk te kry terwyl hulle besig is om die Here te aanbid.

- Hy tref die wêreld daar aan waar daar die rumoer van handel dryf in die lug hang.
- Die stilte en vrede van God se teenwoordigheid is nie daar nie.
- Die Here Jesus moes daar 'n hele kerkvolk in aanbidding gekry het – 'n volk wat Hom dadelik as die Messias kon herken het!

Dis waarom die Here hardhandig die orde herstel en dan sy volk herinner dat die tempel van die Here 'n huis van gebed moet wees.

- Dis die plek waar die vrugte van jou dankbaarheid vir God se seën oor jou lewe na vore moet kom.
- Ons bely vandag nog dat die gebed die vernaamste reël van die dankbaarheid is.

Die punt is dat die volk al die tekens vertoon het dat hulle die Here dien, maar 'n godsdiens wat ware geloofsvrugte dra, was dit beslis nie. Hulle harte het totaal van die Here vervreemd geraak.

3. Die betekenis van die voorspel

Kom ons gaan nou terug na die vyeboom toe. Die Here wil iets aan die dissipels openbaar.

- Dis waarom die Here op pad na Jerusalem toe na 'n vyeboom toe stap wat vol blare is, maar wat geen vrugte aan het nie.
- Hy wil hê dat die dissipels vooruit moet sien wat die Here met 'n valse kerk/gelowige gaan doen.
- Dit is waarom dit so belangrik is dat daar juis geskryf staan dat dit nie vyetyd was nie.

Dit was lente.

- Voordat 'n vyeboom vol blare is, sit die vruggies van die eerste drag al orals teen die stam en dan is sommiges van hulle al taamlik groot.
- Die tweede drag vye kom saam met die blare.

Dit werk dus so dat as 'n vyeboom blare aan het, dan moet hy vrugte ook aan hê – veral so vroeg in die seisoen.

- Die Here het daardie boom wat daar gestaan het deurgesoek so twee maande voordat die vye daaraan ryp moes wees.
- Daar moes dus ten minste groen vrugte aan gewees het, maar daar was nie een enkele vrug nie.
- Die vyeboom het dus vertoon om iets te wees wat hy nie was nie!

Die vyeboom was die simbool van die volk wat uiterlik die vertoon gelewer het dat hulle 'n tempel het en die Here aanbid. Maar hulle harte was baie ver van die Here af – die Here wie se Naam so vryelik oor hulle lippe gerol het.

Die vyeboom is die Maandag vervloek. Dinsdag was dit heeltemal uitgedroog. Vrydag is die Here Jesus gekruisig – wat 'n bewys was dat die kerk die Koning van die Kerk nie kon herken nie, en daarom het hulle Hom doodgemaak.

Kom ons pas nou hierdie gedeelte op onself toe.

- Dit wat die Here Jesus met die vyeboom en die kerk in Jerusalem gedoen het, het direkte betrekking op ons.
- Die Here verwag dat daar by ons uiterlike vroomheid ook 'n gepaste innerlike opregtheid sal wees.

Indien dit met ons nie so is nie, moet daar by ons daadwerklike bekering kom.

- Anders gaan ons die oordeel van die vyeboom oor onself ervaar.
- Die Here het nie tyd vir aangeplakte waardigheid nie.
- Hy het wel baie genade vir iemand wat sonde doen maar daarteen stry – iemand wat 'n lewe van wedergeboorte en bekering leef.

Ons wat vandag saam is, is almal gedoop.

- Wanneer 'n kind gedoop word, sien ons dat die Here voor ons almal as getuies sy verbond met die kind bevestig.
- Wat dink ons op daardie oomblik van ons eie doop en van ons eie verantwoordelikhede wat daaruit voortvloei in ons daaglikse geloofslewe?

Die doop is 'n bevestiging dat die dopeling aan die Here behoort en in die volheid van sy genade deel.

- Maar juis daarom die ernstige vraag: dra ons nou vrugte vir die Here?
- Of lyk ons lewe soos daardie vyeboom s'n wat daardie lente vol pragtige jong groen blare gestaan het en die weelderigheid van groei vertoon het, maar die toets van die Here nie kon deurstaan nie omdat sy vrugte wat by sy blare moes pas, nie daar was nie.

Ons het drie weke gelede die Heilige Nagmaal gevier.

- Die Here het deur daardie sakrament aan ons bevestig dat Hy gesterf het sodat ons met God versoen is en sodat die Heilige Gees nou in ons mag woon.
- Die bedoeling daarvan is enersyds dat ons nie die oordeel van die Here hoef te vrees nie.
- Maar andersyds is dit dat ons tog ook aan die Nagmaaltafel kon kom aansit en weet dat ons getrou is in ons diens aan die Here – dat ons saam met die blare ook vrugte vir die Here lewer.

Geliefde gemeente, ons moenie in ons geloof iets probeer voorgee wat ons nie is nie.

- Die Here kyk nie na die buitekant nie.
- Die Here Jesus het die blare weggedruk en die boom binnekant behoorlik ondersoek – Hy kyk in ons hart en Hy toets ons gedagtes.

Die dissipels het die volgende môre met skok agtergekom dat die vyeboom heeltmal verdroog het!

- Toe hulle daarna verwys het, het die Here Jesus vir hulle gesê: Julle moet in God glo!
- Hy het spesifiek meer te sê gehad oor geloofsvertroue en oor gebed. Bid en glo.
- Dis nie net in die kerkgebou waar daar gebed word nie – elkeen van ons moet biddend lewe voor die Here.

Natuurlik is nie een van ons volmaak nie.

- Die Here weet dit – daarom het Hy sy Seun vir ons laat sterf.
- Maar Hy vra wel dat ons tot volle bekering moet kom – opregte bekering.
- Hy vra eerlikheid.

Dis sinneloos om iets te wil wees waaraan jyself nie glo nie. Uiteindelik is dit nie die mense vir wie jy voorgee wat jou gaan oordeel nie – dis die Here self.

- Ons moet dit asseblief in gedagte hou dat die Here 'n uiterlike geloofsvertoon haat wat 'n valse beeld van die mens se binnekant weergee.
- Hy vervloek so 'n geloof en maak die persoon wat dit het, tot niet.

Die troos is dat ons nie hoef voor te gee nie.

- Ons is klaar in die Here Jesus se verdienste salig gemaak.
- Ons is reeds (as kerk) 'n tempel van die Heilige Gees.

Kom ons leef net met die waardigheid en eerlikheid waarmee God ons in Christus beklee het.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 1:1, 2 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.
- 2 Hy is 'n boom wat diep en vas geplant, / sy wortels uitsprei by die waterkant;
en mild versorg deur vrugb're lentelugte, / sy volle drag laat sien van somervrugte.
Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit: / wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.